

Medegelowige volksgenote,

DIE GELOFTEVOLK SE VERHOUDING MET HAAR KONING

1. Inleiding:

- 1.1 Deur die eeue heen het ware gelowiges en teoloë die Bybel – ja, ook die Nuwe Testament – só verstaan dat die Nuwe Testament nie die kollektiewe aard van God se verbond opgehef het nie. Daarom, naas die belangrike individuele verhouding wat elke gelowige met God moet hê, het God dan ook verbondstrukture verordineer om kollektief as behoueringsisteme vir die suiwer Godsdienst te dien. Hierdie verbondstrukture is die **gesin, die familie, die gemeente en die volk**. Die Bybel gee dan ook omvattende opdragte oor die verantwoordelikhede van hierdie verbondstrukture. In Israel was daar nog 'n struktuur tussen die familie en die volk: nl die stam. Daar was ook belangrike voorskrifte vir die stam. Vandag het ons nie meer stamme nie, maar ons kan die voorskrifte ewe goed op die volk van toepassing maak. Ons familiestrukture is ook onherstelbaar vernietig, maar ons kan darem daardie funksies tot groot mate akkommodeer in gemeenteverband.
- 1.2 Toe kom die Franse Rewolusie – die doel van die Franse Rewolusie; die Russiese Rewolusie; en albei Wêreldoorloë, was primêr om die Christendom te vernietig. Een van die belangrikste doelwitte was die vernietiging van God se verbondstrukture. Eerstens word die gesag van die Bybel ondermyn en tweedens word die inhoud van die Bybel verdraai. Tekste word buite verband gebruik om die volk as verbondstruktuur af te breek, bv Gal 3:28 waar daar staan: *“Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.”*; en Mat 12:50 *“Want elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, dié is my broer en suster en moeder.”* Ja, ons weet wel dat daar 'n geestelike broederskap tussen alle gelowiges moet wees, maar hef dit die noodsaaklikheid van fisiese gesinne op? Hef dit die gesin se verbondsverantwoordelikheid op om die kinders in die vrese van die Here op te voed? Nee, sekerlik nie! En enige leeraar wat dit sou beweer is 'n vyand van die Christendom.
- 1.3 Net so hef dit ook nie die noodsaaklikheid van fisiese volke op nie – ook die volke het 'n verbondsverantwoordelikheid om as behoueringsisteme vir die Christelike Godsdienst te dien. Trouens, in Hd 17:26,27 bevestig die Nuwe Testament dat God die volke van mekaar geskei het en hulle grense bepaal het, sodat hulle Hom juis in volksverband kan soek. Dit is nie Jesus wat 'n eenwêreldstaat of imperiale ryke propageer nie geliefdes, dit is Satan. In Sy sendingopdrag beveel die Messias

steeds dat die evangelie aan al die volke verkondig moet word. Die Nuwe Testament lê wel meer klem op ons as gelowiges se individuele verhouding met Jesus, en waarsku duidelik teen die verabsoluttering van die volk soos die Jode hulle daaraan skuldig gemaak het, maar die volk se funksie en verantwoordelikheid word nie daardeur afgeskaf nie.

- 1.4 Hierdie multikulturele imperiale gruwel waarin ons volk ons tans bevind, is nie Bybels gefundeerd nie. Nogtans doen die meeste predikante hul bes om dit te regverdig en die bestaan van die volke dood te swyg of af te maak as rassisties. Waarom is dit so? Omdat die Liberalisme ook ons Teologiese skole besmet het en teologie-studente leer vandag 'n vreemde godsdiens wat die Christelike Godsdiens vyandig is en daarop uit is om dit te vernietig. Ja, Satan en sy lakeie was baie suksesvol met die misleiding. Die Liberalistiese godsdiens het die Christelike Godsdiens geïnfiltreer en humanistiese sondes soos rassisme, seksisme en xenofobie word nou as Christelikes sondes voorgehou. Satan se misleiding is só doeltreffend dat die arme studente dit nie eens agterkom nie. En soos Hy beloof het in Rom 1, laat ons Here hierdie misleiding toe en gee Hy ons oor aan ons eie, sondige begeertes omdat ons volk lou en afvallig geword het.
- 1.5 In reaksie teen hierdie dwaling het daar weer 'n nuwe dwaling ontstaan wat die volk Israel verabsoluteer en wil verhef tot die belangrikste kriterium vir saligheid. En hierteen moet ons ook waak.

2. Maar wie is ons Koning? – ja, wie is die Koning van die Geloftevolk?

- 2.1 Hy is die geliefde Seun van JHWH en inderdaad self God – ja, in Jer 23:6 word Hy self genoem JHWH, ONS GERECHTIGHEID;
- 2.2 Hy is die Woord en alle dinge het deur Hom ontstaan¹.
- 2.3 Hy is die Gesalfde van JHWH – gesalf as Koning, Hoëpriester en Profeet. Daarom noem ons Hom ook by die eretitel: '**die Gesalfde**' – in Hebreeus is Gesalfde: 'Massiag' en in Grieks 'Christos'. In Afrikaans translitereer ons ook die titel as 'Messias' of 'Christus'. As ons Hom aanspreek as Messias of Christus, beteken dit dus ons erken hom as die Geloftevolk se Koning en Hoëpriester en ook as koning en Hoëpriester van ons lewe
- 2.4 Sy **Naam** is oorspronklik **Jeshua**. In die Grieks is dit '**lêsoes**'. Die vroeë kerk het Hom **Jêsu** genoem en vandag noem ons Hom in Afrikaans '**Jesus**'.
- 2.5 Hy is ons Losser en Verlosser.
- 2.6 Hy is die Koning en Heerser wat in Heerlikheid oor die hele skepping Heers², maar in die besonder is hy óns Koning en Heerser – daarom noem ons Hom ook by die eretitel: '**ons Heer**', of, '**ons Here**'. In Dt 10:17 en Open 17:14 staan daar

¹ Jn 1:1-3

² 1Tim6:16

ook³: Hy is die Here van die here en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.

2.7 Hy is ons Meester⁴ en ons Saligmaker⁵,

2.8 ons Middelaar⁶ en

2.9 ons Aanvoerder⁷ in die stryd.

2.10 Ja, Hy is inderdaad ons alles – soos Rom 11:36 dit uitroep: Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

2.11 Ps 110 beskryf die **Majesteit** van Sy Koningskap soos volg:

- 1 *JHWH het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.*
- 2 *U magtige septer sal JHWH uitstrek uit Sion en sê: Heers te midde van u vyande.*
- 3 *U volk sal baie gewillig wees op die dag van u krygsmag; in heilige feesgewade, uit die moederskoot van die dageraad sal vir U wees die dou van u jong manskappe.*
- 4 *JHWH het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.*
- 5 *Die Here aan u regterhand verbrysel konings op die dag van sy toorn.*
- 6 *Hy sal 'n strafgerig hou onder die nasies; Hy maak dit vol dooie liggame; Hy verbrysel 'n hoof oor 'n groot land.*
- 7 *Uit die stroom sal Hy drink op die pad; daarom sal Hy die hoof ophef.*

3. In watter verhouding staan ons met ons Koning?

3.1 God se skepping is so wonderlik. Hy het ons in fisiese menslike verhoudings geplaas sodat ons daaruit kan leer en verstaan in watter verhouding ons met Hom staan: So plaas Hy ons in 'n gesin met ouers waar ons as kinders mooi kan verstaan hoe ons verhouding tot ons hemelse Vader moet wees:

3.2 Ons verhouding tot God die Vader is soos die verhouding van kinders tot hul aardse Vader, waar ons as kinders besef dat ons volkome afhanklik is van Hom en dat ons volkome op hom kan vertrou; die kinders is swak en hulpeloos en hulle beskou die ouers as sterk en vaardig; die kinders moet die ouers gehoorsaam wees en hul tugtiging aanneem; Ps 103:13 Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm JHWH Hom oor die wat Hom vrees. 2Co 6:18 en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige.

3.3 God plaas ons ook in 'n aardse huweliksverhouding sodat ons daaruit kan leer en verstaan in watter verhouding ons met ons hemelse Bruidegom⁸ staan. Dit is 'n

³ Ook 1Tim 6:15; Open 19:16

⁴ Mt 10:24,25

⁵ Lk 1:47

⁶ 1Tim 2:5

⁷ Jes 33:22

⁸ Mt 9:15; Mk 2:19,20

liefdesverhouding⁹ – waar Hy ons Heer en Hoof is – ja, inderdaad ons alles. God die Seun, die Koning van die heelal¹⁰, kies ons uit as Sy bruid¹¹ en ons as Sy bruid moet ons voorberei vir die huwelik¹². Dit is dan ook die simboliek van Ester as die bruid van Ahasveros en ook die simboliek van die liefdeslied in Hooglied. In die Boek Hooglied word die intimiteit van ons verhouding met Hom as Sy bruid in mense-terme uitgebeeld. Die Heilige Gees louter ons en heilig ons totdat Koning Jesus in Hoogl 4:7 uitroep: *Alles is mooi aan u, my vriendin, en daar is geen gebrek aan u nie*. As ons op die radio luister na al die liefdesliedjies, dan hoor ons die totale oorgawe wat besing word. Hoewel hierdie liedjies meestal sekulêr is en die mens verafgod, dien dit as tipe van die totale oorgawe wat ons verhouding met ons hemelse Bruidegom moet kenmerk.

4. Maar hoe lyk ons vir die Koning?

4.1 Weens ons sonde, is ons onaantreklik vir ons Bruidegom – ja, inderdaad afstootlik! Luister hoe beskryf Ps 38 ons toestand: (4) *Daar is geen heel plek in my vlees vanweë u grimmigheid nie; daar is niks gesond in my gebeente vanweë my sonde nie*. (5) *Want my ongeregthede gaan oor my hoof; soos 'n swaar pak het hulle vir my te swaar geword*. (6) *My wonde stink, hulle dra vanweë my dwaasheid*.

4.2 Ja, ons is nie waardig om Sy bruid te wees nie, ons is sondig en lelik. Daarom moet ons soos silwer gelouter word om van al die onsuiverhede ontslae te raak¹³ en om uiteindelik as pragtige sieraad gereed te wees vir ons Bruidegom. Uit onself is ons nie daartoe instaat nie. Nee, ons bruidegom het inderdaad Sy lewe vir ons afgelê¹⁴; die smet van die sonde op Hom geneem¹⁵; en die straf vir ons gedra sodat ons heilig vir Hom kan wees.

4.3 En in Jn 14 sê ons Bruidegom Hy stuur Sy Heilige Gees vir ons as Trooster. Die Heilige Gees heilig ons¹⁶ en berei ons voor om mooi en lieflik te wees vir die huwelik. Want, soos 1Pt 1:15.16 dit stel: soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word. Omdat daar geskrywe is: wees heilig wees, want Ek is heilig. En Paulus bid in 1Thes 5:23 En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!

⁹ Rom 5:8

¹⁰ Dt 10; Open 17:14

¹¹ Jes 62:5

¹² Jes 61:10

¹³ Ps 66:10

¹⁴ Jn 3:16

¹⁵ Heb 9:14

¹⁶ Heb 2:10

5. Wat beteken hierdie heiligmaking?

5.1 Heiligmaking beteken dat ons afgesonder moet word van die wêreld sodat ons gereinig kan word van die besmetting met sonde wat ons so onaantreklik, ja afstootlik – gemaak het.

- 2Kor 6:14-17 *Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Béliel, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem.*

5.2 Heiligmaking beteken ook dat ons gelouter en getugtig word om ons te ontsmet van die sonde:

- In Eseg 22:20-22 staan daar: *Soos silwer en koper en yster en lood en tin binne-in 'n smeltoond bymekaargemaak word om daarteen 'n vuur aan te blaas en dit te smelt, so sal Ek julle bymekaarmaak in my toorn en in my grimmigheid en julle ingooi en smelt. Ja, Ek sal julle versamel en met die vuur van my grimmigheid teen julle blaas, dat julle dáárin gesmelt kan word. Soos silwer in die smeltoond gesmelt word, so sal julle dáárin gesmelt word; en julle sal weet dat Ek, die HERE, my grimmigheid oor julle uitgegiet het.*
- En in Sag 13:9 *Dan sal Ek die derde deel in die vuur bring en hulle smelt soos 'n mens silwer smelt en hulle toets soos 'n mens goud toets. Hulle sal my Naam aanroep, en Ek sal hulle verhoor. Ek sê: Dit is my volk! En hulle sal sê: Die HERE, my God!¹⁷*

5.3 Heiligmaking beteken derdens dat ons geleer word om JHWH alleen te vrees – en geen aardse mag nie. Dt 20:1 *As jy na die oorlog uittrek teen jou vyand en perde en strydwaens sien, 'n volk meer in getal as jy, dan moet jy vir hulle nie vrees nie; want die HERE jou God wat jou uit Egipteland laat optrek het, is met jou. Mat 10:28 *En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel.**

6. Hoedanig moet die Geloftevolk se verhouding met ons Koning dan wees?

Om ons te louter en heilig te maak gee God vir ons Sy Wet waarin ons leer wat 'n verbondsvolk soos die Geloftevolk se verbondsverantwoordelikheid teenoor God is, veral in die eerste vier van die Tien Gebooie:

6.1 Die eerste gebod leer dat ons geen ander gode voor Sy aangesig mag hê nie –

¹⁷ Ook Ps 60

- ons moet gesuiwer word van alles waarop ons vertrou en wat vir ons belangriker as God is – mensgerigtheid (dit is humanisme); vertrou op geld, versekering, besittings, aardse vestings en organisasies (dit is materialisme - Mammon); drankpartytjies (Bacchus); pornografie en losbandigheid (Eros);
- Daar mag ook geen godsdienstvryheid wees onder die Geloftevolk nie. As ons Vader ons weer ons vryheid gun, moet ons soos koning Josia (die groot hervormer van Juda¹⁸) al die ander godsdienste se tempels afbreek en alle ander godsdienste verbied.

6.2 Die tweede gebod leer dat ons geen afgodsbeelde mag hê nie en dat God se verbond in die geslagte loop:

- In 1Sam 15:23 leer ons dat eiesinnigheid beelddiens is. Ons moet seker maak dat ons God dien soos Hy voorskryf;
- Die beginsel van die verbond wat in die geslagte loop, is die basis waarop God se verbondstrukture: die gesin en die volk, gebou is;
- Dit is ook die basis vir die opdrag in Dt 6 dat ons geroepe is om ons kinders in die vrese van JHWH op te voed. Die Geloftevolk moet dus ook sy skole en universiteite op Bybelse beginsels bedryf¹⁹;
- Maar die hele volkshuishouding moet vir Hom 'n welgevallige offer wees – daar moet weer opsig en tug wees soos in die dae van dr Verwoerd.
- as Hy ons weer ons vryheid gee, moet ons 'n Godvresende en Godvererende volkshuishouding oprig waar die landswette volgens Bybelse beginsels is
- Ons moet ons hele lewe in dankbaarheid aan hom wy – en dit sluit in die politiek, die werksplek, die huishouding en die braaivleisvuur.²⁰
- Slegs feeste waar ons Koning sentraal staan is die Geloftevolk geoorloof.

6.3 Die derde gebod verbied die ydelike gebruik van JHWH se Naam en titels, en dié van Sy Seun – ons Koning. Oortreders moet swaar gestraf word.

6.4 Ingevolge die vierde gebod moet die Geloftevolk die sabbat eerbiedig en daarom mag geen handel op die sabbat plaasvind nie.

6.5 Die ander gebooie leer ons hoe ons verhouding met ons naaste moet wees. Jesus som dit so in Mt 7:12 op: Soos ons wil hê dat die mense aan ons moet doen, net so moet ons aan hulle ook doen. Ja, ons moet ons broeders liefhê om ons Koning te behaag, want 1Jn 4:20 leer: As iemand sê: Ek het God lief—en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?

6.6 Verder kan ons sê die Geloftevolk se verhouding met ons Koning moet só wees:-

- dat die hele volk hulle verlustig in Sy wet en dit van harte gehoorsaam²¹;

¹⁸ 2 Kron 34

¹⁹ Dt 31:3

²⁰ Rom 12:1

²¹ Dt 13:4

- dat ons eensgesind is in ons belydenis;²²
- dat ons in afhanklikheid van Hom leef in alles wat ons doen;
- dat ons gedurig in gesprek met Hom is, ja, sonder ophou sal bid²³ en alle belangrike besluite aan Sy beslissing onderwerp²⁴;
- dat ons aan Hom alleen die eer gee²⁵;
- dat ons onder mekaar sal spreek met Psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in ons hart tot eer van die Here;²⁶
- dat ons sy Naam ken²⁷, en ook bekend maak – ja, dat ons Sy Naam gedurig voor vriend en vyand bely en ons Sy lig laat skyn – ook vir ander volke;²⁸
- dat ons die volle wapenrusting van God dra²⁹; dat ons aktief stry vir Sy koninkryk³⁰ en dat ons baie gewillig is op die dag van Sy krygsmag;³¹ dat ons geen aardse mag vrees nie, maar JHWH alleen;³²

7. In kort:

Ons moet JHWH ons God liefhê met ons hele hart, siel, verstand en al ons krag.³³

8. Ten slotte ons Koning se belofte in Ps 91:

(14) Omdat hy My liefhet, sê God, daarom sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm, omdat hy my Naam ken.

(15) Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor; in die nood sal Ek by hom wees; Ek sal hom uitred en eer aan hom gee.

9. Hoe bereik ons hierdie doel?

Ons moet by onself begin met selfondersoek, berou en verootmoediging. Ons moet ook hierdie boodskap aan die volk uitdra en ons moet voortdurend bid dat die heilige Gees ons volk sal bekeer. Ons moet ook aanhou om volkskonsilies te hou om eensgesindheid te soek.

²² Rom 15:5

²³ 1Thes 5:17; 1Jn 5:15

²⁴ Ex 28:30

²⁵ Open 5:13; en soos ons ook on die geloftes van Jan van Riebeeck en Bloedrivier beloof het.

²⁶ Ef 5:19

²⁷ Ps 91:14

²⁸ Ps 9:11; 12:4; 22:23; 35:18; 40:10,11; Jes 12:4; Mt 10:32,33

²⁹ Ef 6; 1Thes 5:6

³⁰ 1Tim 6:12

³¹ Ps 110:3

³² Dt 20:1; Jes 41:10; Mt 10:28; Open 21:8

³³ Mk 12:30